

Maandag

Joh. 6: 47 – 59; Mark. 10: 32 – 45. Teks Joh. 6: 55 "My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank." Tema: "Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien. Hy is nie ons goddelike opkikker vir goddelike kragvertonings nie." Die Here Jesus sê vir die Jode Hý is die ware voedsel en die ware drank. Die godsdiens waarmee hulle hulself besig hou, is nie regtig geestelike kos en drank nie. Wat Jesus hier uitwys is soos die verskil tussen gewone kos en drank en opkikkers. Groente en vrugte is kos en water is drank. Opkikkers is nie voedsel en drank nie. Dit is poeiers en inspuittings – anaboliese steroïede wat tieners "steroids" noem. Hoe verskil kos en drank van opkikkers? Kos en drank gee jou alles wat jy nodig het om as mens te kan leef en te kan werk. Dit is al die regte goed wat jou lewe gee en krag gee om regte werk te kan doen: water, proteïene, vette, olies, vitamienes en minerale. Opkikkers is sommer kunsmatige goed wat mense self gemaak het wat net een ding doen – dit maak jou spiere baie vinnig baie groot! Mense gebruik opkikkers om gou-gou groot spiere te kry waarmee hulle in speedo's en bikini's 'n kragvertoning met hul supergroot spiere gee. Kos en drank gee lewe en krag op jou werk te doen. Opkikkers gee jou baie gou supergroot spiere, maar dit maak jou stadig dood, baie humeurig en bakleierig. Wat is die beste? Kos en drank wat jou lewe gee en krag om jou werk mee te doen, of opkikkers wat jou vinnig groot spiere gee, maar stadig doodmaak en bakleierig maak? Die skelms wat opkikkers maak en verkoop vang jongmense met die volgende slagspreuk om eerder opkikkers as kos en drank te gebruik, soos 'n jongman dit vir my eenkeer genoem het: "Wil jy tot 80 leef soos 'n muis of tot 40 soos 'n Leeu met superspiere? Die nagmaal wys Christus is ons geestelike voedsel en drank. Christus is nie ons geestelike opkikker wat ons supergeesteslikes maak nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Joh. 6: 47 – 59; Mark. 10: 32 – 45. Teks Joh. 6: 55 "My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank." Tema: "Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien. Die boord en wyn in die nagmaal is nie geestelike opkikkers nie." Dit is brood en wyn, kos en drank wat 'n teken is. Dit is regte geestelike kos en drank wat die Here vir ons gee volgens Joh. 6. Hierdie teken wat die Here vir ons gee, wys ons wat is regte geestelike kos en drank, sodat ons nie die geestelike opkikkers wat predikante, pastore en priesters aan ons wil gee sal gebruik nie, maar die regte geestelike kos en drank wat die Here vir ons gee. Hierdie teken wys ons die verskil tussen regte geestelike kos en drank, en geestelike opkikkers. Daarom is dit 'n teken wat ons help om die ware voedsel en drank wat ons die ewige lewe gee en diensbaar maak aan God te kan herken en gebruik. Dit wys ons ook wat is die opkikkers waarvan ons moet wegbly. Wat is ons ware en regte geestelike kos en drank? Die Here Jesus sê dit in sy eie woorde aan die Jode in Johannes 6: "My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank." Dit is sy regte liggaam wat Hy as mens het en sy regte bloed in sy are wat Hy as mens het, wat ons kos en drank IS - nie die brood en wyn op die nagmaaltafel is nie. Christus kondig in Mark.

11: 32 – 34 aan hoe sy liggaam as MENS ons geestelike voedsel en drank is: Hy AS MENS is vir ons sonde veroordeel en uitgelewer om die straf as sondaar te dra en Hy sluit ons in, in sy onskuldigheid, sy heiligheid en regverdigheid in, en dít maak ons vir God onskuldig, heilig en regverdig. Hy gee SY LEWE as losprys vir ons sondes. Hy is só ons geestelike voedsel end drank, ons losprys. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Joh. 6: 47 – 59; Mark. 10: 32 – 45. Teks Joh. 6: 55 “My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.” Tema: “Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien.” Jesus noem Homsélf ons geestelike voedsel en drank, want dit wat Hy met ons déél, maak ons sterk en gesond om vir God te leef en te werk! Hy deel ons sonde en is die oordeel en straf vir ons sonde, en Hy deel sy heiligheid en regverdigheid as mens met ons. Alles wie Hy as mens was en gedoen het en vandag vir ons in die hemel is, is ons voedsel en drank. Ons strafloosheid, oordeelloosheid, heiligheid en regverdigheid, is ons geestelike kos en drank. Die brood en wyn is net tekens dat Hy ons geestelike voedsel en drank is! Hy voed en laaf ons met sy onskuldigheid, regverdigheid en heiligheid vir God wat Hy ons eie maak. Die Here Jesus vertel vir sy dissipels in Mark. 11 dat Hy ís hulle geestelike kos en drank, maar hulle hoor Hy is hulle steroids! Die Here kondig aan dat Hy vir hulle sondes moet veroordeel word en dan uit die dood uit moet opstaan om dit met hulle te deel. Sy dissipels Johannes en Jakobus, hoor dadelik dat as Jesus doodgaan, gaan sy posisie as koning van Israel oopgaan. Daarom vra hulle dat Hy hulle as sy opvolgers sal aanstel vir wanneer Hy doodgaan in Jerusalem. Hulle wil sy mag kry wanneer Hy doodgaan. Jesus wys vir hulle dat hulle nie kan doen wat Hy vir hulle gaan doen nie met ’n vraag: “Kan julle die lydingsbeker drink wat Ek gaan drink of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word?” Jesus bedoel: kán julle as sondelose mens deur God veroordeel en gestraf word om mense onskuldig, regverdigheid en heiligheid vir God te laat wees? Dan sê hulle uitdagend: “Ons kan!” Hulle glo God kan hulle ook opkikker om vir God kragvertonings van goddelike mag te gee, net soos vir Jesus. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Joh. 6: 47 – 59; Mark. 10: 32 – 45. Teks Joh. 6: 55 “My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.” Tema: “Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien.” Jesus weet dat sy dissipels in hulle bygeloof in goddelike krag om vir God spiere te wys en te baklei (deur opkickers!), kan hulle nie hoor Hý is hulle voedsel en drank nie. Daarom gee die Here vir hulle ’n antwoord wat hulle éérs sal verstaan wanneer Hy hulle by Hom as mens in die hemel ingesluit het om alles wat Hy vir hulle gedoen het en is, met hulle te deel! Jesus sê dat hulle die beker sal drink wat Hy drink en met sy doop gedoop word! Kyk na die woordverskil! Jésus DRINK die lydingsbeker en hulle KRY die beker! Hierdie beker wat hulle sal drink is die nagmaalsbeker! Die LYDINGSBEKER is Jesus s’h, dis die veroordeling en straf van

God vir sonde, en die eis om onskuldig, reg en heilig te leef. Die NAGMAALSBEKER is ons beker! Nie Jesus se lyding en straf nie. Net soos die doop met WATER óns doop is, maar die STRAF EN VLOEK van God sý doop is! Hy gee ons sy liggaam en bloed, Hy sluit ons by Hom in om ons voedsel en drank te wees, om altyd as God se onskuldige kinders met God te leef wat Hy vir Homself goed, reg en heilig laat wees. Maar die dissipels wil Jesus se goddelike mag en krag hê as hulle opkikkers om vir God te baklei terwyl Jesus vir hulle teken (die brood die beker) gee, dat Hy ons insluit in wie Hy as mens is, om ons geestelik kos en drank te wees. Wie die beker en brood as teken ontvang dat Jesus sy voedsel en drank is, wil nie die leeu wees wat oor ander mense baasspeel nie. Hierdie beker maak jou ook nie 'n muis nie. Dit maak jou nie die mens oor wie al die ander mense wat leeu is, kan baasspeel nie. Dit maak jou dienaar van die Here! Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Joh. 6: 47 – 59; Mark. 10: 32 – 45. Teks Joh. 6: 55 “My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.” Tema: “Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien.” Wie maak opkikkers en wie maak voedsel en drank soos water? Opkikkers is kunsmatig. Mense maak dit asof dit superkos is, en superdrank is, maar dit is kunsmatige poeiers en inspuittings! Dit is nie kos en drank nie! God het nêrens iewers in sy skepping vir ons opkikkers gemaak, goed wat ons net groot spiere gee nie. Alles wat God vir ons gee as kos en drank in die hele skepping, maak ons sterk en gesond, verkwik ons en laaf ons. Vandag is daar baie predikante en pastore wat kunsmatig geestelike opkikkers maak asof dit beter is as die geestelike voedsel en drank wat die Here vir ons is. Hulle sê vir mense hulle het 'n geestelike steroid wat hulle baie kragtiger sal kan laat bid, gehoorsaam wees aan God en vir God siele kan laat wen – en die steroid se naam is “God se eie goddelike krag.” Hierdie geestelike steroid, “God se eie goddelike krag” is nie iets wat die Here vir ons gee as voedsel en drank nie. Dit is 'n kunsmatige geestelike opkikker! 'n Namaaksel van voedsel en drank wat jou innerlik vir God gaan doodmaak terwyl jy dink jy wys God se spiere! Nog so kunsmatige steroid wat hulle opmaak noem hulle “God se goddelike lewe”. Hulle vertel vir jou as jy net jou eie menslike lewe vir God leef en met jou eie menslike lewe saam met God leef, is jy God se muis. Jy kan met God se eie goddelike lewe leef en 'n leeu wees. Jy moet dan net jou eie lewe los en God toelaat om sy goddelike lewe deur jou te leef. Dit is God. God is jou opkikker om 'n baie kragtiger en magtiger lewe te leef. Maar wat maak hierdie steroid “God se goddelike lewe” met jou? Dit maak jou menswees in jou innerlik dood vir God en maak dat jy met ander mense humeurig en bakleierig is om hulle te beïndruk en te verdring met jou sogenaamde goddelike lewe.

So skep en bemark elke valse predikant, pastoor en priester nuwe geestelike steroids in die plek van Christus wat Self ons voedsel en drank is. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.

Saterdag ekstra

Joh. 6: 47 – 59; Mark. 10: 32 – 45. Teks Joh. 6: 55 “My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.” Tema: “Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien.” Daar in vandag eintlik net twee maniere wêreldwyd waarop die nagmaal gebruik word: Óf jy drink Jesus se lydingsbeker sáám met Hom omdat jy glo: “Ek kan!”, of jy drink die nagmaalsbeker wat Hy vir ons gegee het as teken dat Hy ons voedsel en drank is! Wie Jesus se lydingsbeker sáám met Hom drink, is hulle wat glo: “Ons kan!” Ons kán doen wat Jesus doen, en heers soos Jesus heers. Ons is Leeus nie mui se nie. Maar wie Jesus se nagmaalsbeker drink, weet Hý is ons voedsel en drank om met God te leef en God te dien in sy liefde. In die Rooms Katolieke Kerk is hierdie brood en wyn op die tafel God se steroids! Hulle glo dat hierdie brood word regtig Jesus se menslike vleis op die Nagmaalstafel en wanneer die instellingsoorde van die Here herhaal word as magiese woorde. Dan wórd hierdie gewone brood en wyn regtig God se steroids, en wanneer jy hierdie steroids inkry, kry jy die goddelike krag, mag en lewe van Jesus in jou! Dan word jy met hierdie goddelike steroids God se kragman en kragvrou met die bygeloof – “Ons kan ook die offer hier laat gebeur wat op Golgota gebeur het!” Ons kan ook soos al die Pinkster – Charismatiese geestelikes maak: “Ons kan!” Ons kán ook soos Jesus ons menslike hart, ons lewe, ons krag en naam vir God opoffer vir God. Só kan ons sy lydingsbeker drink! En dan kan ons die brood en wyn gebruik as ’n fees saam met God waarin ons God se goddelike krag, mag, lewe, wil en Naam met Jesus vier soos ’n “Godsmaal”. ’n Offer-ete saam met Jesus op trone! Leeus nie mui se nie! Gelowiges egter gebruik die Nagmaalsbeker in die geloof ons kan nie doen wat Jesus gedoen het nie, maar deel in die voordeel (vrug) van sy lyding. Só kan ons met God leef en Hom dien. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus